# WIE IS GOD?

## REEKS

**vir die ouer:**

In hierdie reeks gaan ons gesels oor wie God is.  Ons gaan skrif uit die bybel haal wat ons dan met die kinders gaan behandel sodat hulle kan leer wie God is.

Daar is 2 maniere om God te leer ken, dit is deur sy Woord en om tyd met Hom te spandeer.

Wie is God is opgedeel in die volgende lesse:

- God is ons herder
- Die Here is my skild en toevlug
- God is my lig
- Die Here is my lied

Daar is bybel studie bladsye wat afgelaai kan word sodat die ouer kinders die bybel kan vat en dieper gaan delf en meer gaan soek na wie God is.

Vir die kleintjies is daar aktiwiteits bladsye by.

Geniet hierdie ontdekkingsrys saam met jou kinders en lei hulle om meer van God te leer ken.

REEKS: WIE IS GOD?
LES 4

# DIE HERE IS MY LIED

Wie hou van sing of liedjies luister?

Hoe voel jy wanneer jy sing of liedjies luister?

Om vrolik te sing maak 'n mens mos gelukkig en bly.
Vandag gaan ons praat oor: Die Here is my lied

Wie van julle was al so bly gewees en so gelukkig dat dit voel of jou hart net wil begin sing. Sommer net sing. Dan wil ons mos liedjies sing van goed wat lekker en cool is.

Dit is hoekom ons se die Here is my lied want Hy is so goed vir ons ons hart kan dit nie inhou nie, ons moet net sing.

Dit is waar praise and worship inkom. Ons loof en prys die Here vir alles wat Hy vir ons gedoen het.

Nou hoekom se ek die Here is vir ons goed?
Se bietjie vir my, hoekom is die Here goed vir jou?

Kyk gou wat se die bybel:

**Bybel vers:**
EXODUS 15:2

My krag en my sterkte kom van die Here.
Hy gee my die oorwinning. Hy is my God.
Ek wil Hom loof. Hy was my voorouers se God.
Ek wil sy Naam verhoog.

# DIE HERE IS MY LIED

Hierdie is 'n lied wat Moses en die Israeliete vir God gesing het.
Ek sal dink dat hulle baie gehad het om oor te sing. God het hulle uit slawerny gelei, toe die Egiptenare agter hulle aan is het God hulle deur die rooisee getrek op droë grond en die klomp wat hulle wou aanval toegemaak met die waters van die rooi see. Dit is amazing, ek sou ook wou sing.

Wat is julle gunsteling songs?

Liedjies is amazing, jy kan die Here loof en prys met 'n liedjie, jy kan 'n storie vertel met 'n liedjie.
Maar julle moet baie versigtig wees want die bybel se vir ons dat die mag van lewe en dood le in die tong. Dit tel ook vir liedjies wat ons sing.

As jy sing van I am so sad, I am unhappy, wat gaan gebeur, jy gaan sad en unhappy raak, al is dit 'n vinnige liedjie. Jy sal later die dag skielik agtrekom maar jy voel nou sad en nie lekker nie en verstaan nie hoekom nie.

Dit is hoekom dit SUPER belangrik is om die woorde van elke liedjie wat jy sing te luister en seker te maak dat wat jy sing opbouend is vir jou of die mense om jou.

Kom ons kyk na nog 'n bybel vers.

Die bybel is vol songs, lof prysinge wat mense vir die Here gesing het.

# DIE HERE IS MY LIED

**Bybel vers:**

PSALM 118:14

Vreugdeliedere van redding word gesing
in die tente van die regverdiges. Die Here se
regterhand het roemryke dinge gedoen.

Daar is nog iets amazing wat gebeur wanneer jy die Here loof en prys. As ons kyk na Paulus en Silas wat in die tronk gegooi was. Hulle het om middernag die Here so geloof en geprys dat daar 'n aardbewing gekom het.


Dit se vir my.. As ek vasgevang is in iets wat my pla of moeilik is vir my om mee te deal dan kan ek net die Here loof en prys en Hy sal my losmaak en uit die situasie kry.

**Bybel vers:**


HANDELINGE 16:25-26

25En omtrent middernag het Paulus en Silas
gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die
gevangenes het na hulle geluister.
26En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat
die fondamente van die gevangenis geskud het. En
onmiddellik het al die deure oopgegaan en die
boeie van almal het losgeraak.

# DIE HERE IS MY LIED



## BERE DIE WOORD IN JOU HART



# Psalm 28:7

Die HERE is my sterkte en my skild; op Hom het my hart vertrou, en ek is gehelp; daarom jubel my hart en sal ek Hom loof met my gesang.